

Klub van Rome se Bydrae tot die Wêreldspitsberaad oor Volhoubare Ontwikkeling 2002

**Geen Perke aan Kennis, maar Perke aan Armoede:
Op Weg na 'n Volhoubare Kennisgemeenskap**

**Tydens die 30 ste Herdenking
van die Eerste Verslag aan die Klub van Rome : *The Limits to Growth***

Vertaling Professor Henry Stone

Voorwoord

Dit is nou dertig jaar sedert die eerste verslag – *Die perke op groei* (*Limits to Growth*)– deur die Klub van Rome vrygestel is. Dertig jaar later is die uitdagings van volhoubare ontwikkeling dreigender as ooit en veel ingewikkelder. Die geweldige tegnologiese vooruitgang van die afgelope dekades het voortgesette nywerheids groei toegelaat; maar die kloof tussen ryk en arm het steeds wyer geword en die druk op ons planeet se komplekse en delikate sisteme is groter as ooit. Dit is duidelik: Ons kan nie so aangaan nie. Dit is eenvoudig nie volhoubaar nie.

Die volgende wêreldspitsberaad oor volhoubare ontwikkeling (World Summit on Sustainable Development – WSSD) in Johannesburg is 'n sleutelgeleentheid vir politieke leiers, die burgerlike samelewing en die sakesektor om 'n ooreenkoms te bereik oor 'n nuwe raamwerk vir solidêre optrede en ontwikkeling, wat die beperkte natuurlike hulpbronne in ag sal neem tot voordeel van alle mense op aarde. Die nuwe uitdagings het te make met verskeidenheid, ekonomiese stabiliteit, ekologiese beskerming en die optimale gebruik van die aarde se beperkte bronne. Die voorgenoemde spitsberaad moet nou die geleentheid aangryp om 'n pasverandering teweeg te bring in die implementering van 'n globale kultuur van samewerking wat die voorwaardes vir 'n voortdurende en wêreldwyd volhoubare gesprek binne en tussen samelewings moet skep.

Volgens die huidige demografiese gang sal die wêreldbevolking bly groei tot omtrent 8 tot 9 miljard teen 2050. Die aarde se ekosisteem, waarvan die mensdom deel is, het 'n beperkte vermoë om die impak van menslike aktiwiteite te absorbeer, maar selfs binne die menslike samelewing is die armoede reeds ver buite perke. Baie inisiatiewe is reeds gedurende die afgelope dertig jaar geneem, maar lank nog nie genoeg om 'n koersverandering te weeg te bring nie. Intussen staan die mensdom voor nog 'n perk: Die beperking van tyd.

Dit is steeds 'n baie moeilike taak om balans te vind – 'n gulde middeweg – tussen die mensdom se ambisie vir groei, maatskaplike billikheid en perke op die aanwending van hulpbronne. Ons moet nuwe raamwerke soek vir die rasonale gebruik van natuurlike en finansiële hulpbronne op die grondslag van opvoeding, plaaslike waardes en volhoubare praktyke, in

ooreenstemming met globale werklikhede en met toegang van alle mense tot kennis. Ons moet 'n samelewing bou met geen perke aan kennis nie.

Die Klub van Rome bring 'n unieke kombinasie van politici, sakeleiers en vooraanstaande wetenskaplikes byeen en die jonger geslag neem deel deur middel van spesifieke dinkskrums. Dit laat 'n interdisiplinêre dialoog met die breë publiek toe. Hierdie verslag bou op die voorbereidende werk van die nuutgestigte "Brussel –EU Chapter" en is deur alle lede omvattend bespreek gedurende Mei 2002.07.18

Dit beklemtoon opnuut die behoefte aan 'n holistiese benadering om tegnologiese, ekonomiese en sosiale ontwikkelings in perspektief te stel vir die voordeel van die ganse mensdom. Ek beveel dit graag vir u aandag aan.

Prins El Hassan Bin Tabal,
President van die Klub van Rome

INHOUD

1. Dertig jaar nader aan die perke
2. Die perke van armoede en onbillikheid
3. Op weg na 'n volhoubare kennissgemeenskap
4. Geen beperking op verskeidenheid en kreatiwiteit nie

5. Doeltreffendheid en bestuursmeganismes: 'n Antwoord op beperkte hulpbronne

5.1 Doeltreffende benutting van hulpbronne

5.2 Bestuursmeganismes

6. Beheer in 'n eindige wêreld

1. Dertig jaar nader aan die perke

In 1972 het die verslag oor die perke van groei (*Limits to Growth*) 'n wêreldwye debat oor die toekoms van die mensdom en ons planeet aan die gang gesit. Dit is opgevolg met *Die mensdom by die keerpunt* in 1974 (*Mankind at the Turning Point*) en *Geen perke op Leer* in 1978. (*No limits to Learning*) Oor dertig jaar is meer as dertig verslae gepubliseer in byna alle domeine van wêreldsake, van beheer tot armoede, en van oseane as bronne van die planeet tot kulturele en sosiale kohesie.

In 1972 was die wêreldbevolking 3.2 miljard. In 2002 is dit oor die 6 miljard en dit mag eers naby 8 tot 9 miljard teen die middel van die eeu stabiliseer. **Die Wêreldspitsberaad oor Volhoubare Ontwikkeling moet nie slegs vooruitgang en teleurstellings van die afgelope tien jaar oorskou nie maar moet nou groter momentum skep met praktiese maatreëls vir werklike vordering in die volgende dekade.**

Ons huidige model van nywerheidsontwikkeling is nie volhoubaar nie. Die huidige pas van groei lei tot ekonomiese polarisasie en omgewingsagteruitgang. Die paradoks van industriële groei is dat, ten einde genoeg welvaart te skep om armoede uit te skakel, dit ongelykhede laat toeneem. Gulsige toename in die gebruik van natuurlike hulpbronne is besig om die ekosisteem waarop dit gebaseer is, te vernietig. Die oogmerke van voortgesette industriële groei is onversoenbaar met die perke van die natuurlike sisteem van die planeet. Ons planeet is reeds te klein om te voorsien in die materiële standaarde van die nywerheidswêreld van 6 miljard mense. Snel toenemende gebruik van hulpbronne, sosiale spanninge, toenemende ongelykhede, ekonomiese migrasie en terrorisme straf die wêreldgemeenskap met 'n toenemende ekonomiese en omgewingslas. Die rykste 20% van die wêreldbevolking verbruik 80% van die natuurlike bronne, terwyl die helfte van die wêreldbevolking in armoede leef. Wat meer is, verlies van kulturele diversiteit is besig om politieke en ekonomiese onbestendigheid te verhoog.

Soos in sommige van die scenarios van *Perke op groei* (*Limits to Growth*) – in onlangse VN-verslae bevestig – **word die natuurlike kapitaal van die omgewing en van natuurlike bronne meer as ooit bedreig deur die**

toename in bevolking en ekonomiese groei. Dit het nou uiters dringend geword om huidige tendensies te wysig.

2. Die Perke van Armoede en Onbillikheid

Sosiale volhoubaarheid kan slegs bereik word deur armoede wêreldwyd te verminder. Armoede is tans 'n ernstige bedreiging vir stabiliteit en 'n struikelblok vir verdere sosiale en ekonomiese ontwikkeling, waar ook al. Die bedreiging kan slegs verminder word deur 'n hoër vlak van ekonomiese groei in die grootste deel van die ontwikkelende wêreld vol te hou, maar dan net met 'n hoër vlak van produktiwiteit ten opsigte van bronne. Dit sal 'n nuwe "etiese van solidariteit" by die spitsberaad vereis met duidelike "groei-teikens" vir ontwikkelende lande, in samewerking met ontwikkelde lande, ten einde sosiale billikheid te bevorder.

Toenemende ongelykhede in inkomste is die gevolg van uitsluiting uit die wêreldmarkte eerder as van polariseringseffekte daarbinne. **'n Groter integrasie van meer mense (en lande) in die wêreldhandel is daarom die mees doeltreffende – maar steeds onvoldoende – maatreël teen toenemende ongelykheid.** Die besluit wat in Doha in 2001 geneem is oor 'n verdere liberalisering van die handel, met vennootskap vir ontwikkeling en vollediger deelname van almal, moet aktief nagestreef word. Daar is steeds te veel skynheiligheid in die beleid van die "Noorde" wat oop markte in 'n globaliserende ekonomie voorstaan, terwyl hulle tog hulle eie markte sluit vir kompetisie uit die "Suide".

Inligtings- en kommunikasietegnologie is dubbeld belangrik – vir die sneller groei in ontwikkelende lande en vir meer eko-doeltreffende groei elders. Vermindering van die sogenaamd "digitale kloof" moet daarom 'n wêreld-prioriteit gemaak word. Sonder gedetermineerde optrede vir die skepping van 'n kennisnetwerk sal ongelyke groei van die ekonomie onbillikheide en ongelykhede laat toeneem, ook die sigbaarheid en die sosiale konsekwensies daarvan. Gefrustreerde jongmense sien die geweldige verskil in leefstyl tussen die VSA en Europa en hulle eie en migreer na hierdie ryk gebiede as enigste alternatief wat hulle kan bied vir voortgesette armoede.

Die oorgang na 'n kennisgemeenskap sal mense waarskynlik in staat stel om meer by kreatiewe werk betrokke te raak. 'n Kennis-infrastruktuur kan die geleentheid voorsien vir plaaslike entrepreneurskap en welvaartskepping, waarsonder die ander dienste nooit bekostigbaar of volhoubaar kan wees nie. **Ontwikkelingsbeleid moet daarom versnel en elektroniese kommunikasie-infrastrukture ontplooi word met toegang tot universele kennis en met bekostigbaarheid verseker, en dit moet entrepreneurs-, sosiale en kulturele gebruik daarvan moontlik maak.** Ontplooiing van infrastrukture moet deel wees van 'n vennootskap vir ko-finansiering van ontwikkeling.

Ontwikkelingshulp moet vermeerder word vir die ontwikkelende lande. Ons verwelkom die verbintnisse van Monterey, maar meer is nodig: Hulp moet ook losgemaak word van skenkerverskaffing en dit moet meer

toeganklik gemaak word vir kleinskaal, plaaslike onderwysinisiatiewe en ondernemerskap. Dit sal slegs doeltreffend wees wanneer ontvangende lande ekonomiese en sosiale beleid het wat versoenbaar is met volhoubare ontwikkeling, en wanneer dit gebruik word vir die bou van kapasiteit: Om onderwys- en institusionele infrastruktuur te skep ten einde mense in ontwikkelende lande te bemagtig om toegang tot inligting en tegnologie en die assimilasië daarvan te verkry. **Inheemse kennisisteme** verteenwoordig ook 'n unieke bron van ontwikkelende lande en moet geïntegreer word by 'n toekomstige wêreldwyd vervlegte kennisgemeenskap.

Volhoubare ontwikkeling is versoenbaar met 'n toename van die wêreld se Bruto Binnelandse Produk (BBP) met 'n faktor van 10 teen 2050, indien die groei van die BBP los van die gebruik van bronne bereken word en die koers van die aanwending van kritiese bronne beperk word tot die huidige vlak. Dit kan groeivlakke van 7 tot 8 persent per jaar vir die armste lande toelaat, wat voldoende is om armoede en ongelykhede betekenisvol te verminder, en tegelyk 'n 3% groeikoers per jaar vir die Europese Unie en Noord-Amerika, wat voldoende sal wees om hoë vlakke van indiensneming te handhaaf. Binne hierdie raamwerk moet ons die "Millenniumteikens" van 2015 verbystek:

- Om die koers van geletterdheid, insluitend digitale geletterdheid, by volwassenes bo 90% teen 2030 te verhoog, sowel verbaal as visueel
- om 'n wêreldwye wetenskap en tegnologie gebaseerde universiteit te skep asook navorsingsinfrastruktuur gerig op die stimulering van plaaslike entrepreneurskap
- om toegang tot kennis en onderwysdienste in meer as 90% van die gemeenskappe van die wêreld teen 2030 te verseker met die doel om mense toe te rus om hulle plaaslike bronne self te bestuur
- om bekostigbare tegnologieë te ontwikkel wat eenvoudig is om te gebruik, en divers is in hulle toepassing, en wat kulturele en taalkundige verskille sal reflekteer.

Die uitwissing van armoede moet die hoogste prioriteit wees. Dit is onaanvaarbaar dat meer as die helfte van die wêreldbevolking sonder kos, skoon water, huisvesting en gesondheidsorg leef. Toegang tot inligting, onderwys en kennis moet verseker word. Kommunikasie- en inligtingstrukture en groter beleggings in die onderwys van plaaslike gemeenskappe is van die uiterste belang vir die verkleining van die "digitale kloof", asook vir deelname in die toekomstige kennisgemeenskap. Ontwikkelingshulp moet op hierdie langtermyn doelwitte fokus.

2. Op weg na 'n volhoubare kennisgemeenskap

Wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling is van die uiterste belang. Volhoubare ontwikkeling kan slegs 'n werklikheid word deur innovering en innoverende verspreidingsmeganismes. Tegnologieë, wat menslike ontwikkeling bevorder, moet oral ontwikkel word. 'n Elk en 'n

ieder sal toegang tot kennis en tegnologie moet hê. Ons moet almal belê in meer onderwys en opleiding en in die skeep en assimilering van nuwe kennis.

Die tevoorskyn tree van 'n vervlegte kennisgemeenskap (networked knowledge society) gedurende die volgende dertig jaar veronderstel 'n groot paradigmaskuif weg van die nywerheidsmodel van die negentiende en twintigste eeu. Dit kan deel wees van die oplossing van ons probleme, of deel wees van die probleem. Die verwagting dat die dinamika van inligting en die ontwikkeling van kommunikasietegnologie binne globaliserende markte op hulle eie sal bydra tot algemene welvaart en vermindering van armoede is te simplisties. Met die regte raamwerk kan dit wel miljarde mense bemagtig en integreer, selfs in die armste lande, nuwe toegang tot onderwys moontlik maak, inligting en kennis selfs tot in die mees afgeleë streke dra en help om armoede uit te roei en volhoubare samelewings te bou. Daarsonder mag dit eenvoudig bydra tot enorme beleggings en die omgewingslas wat gesentraliseerde industrialisasie meebring.

Soos ons samelewings al hoe meer kompleks en onafhanklik word, moet alle dimensies van volhoubare ontwikkeling verder ondersoek word.

Wetenskap en tegnologie moet respondeer op die werklike behoeftes, en toeganklik wees en benut word deur alle mense. Die ontstaan van 'n kennisgemeenskap is die vernaamste paradigmaskuif vir die volgende halfeeu. 'n Holistiese metodologie en benadering is gebiedend noodsaaklik vir 'n trapsgewyse konstruksie van volhoubare gemeenskappe sodat daar 'n konstante verhoging sal wees van almal se lewenskwaliteit.

3. Geen beperking op verskeidenheid en kreatiwiteit nie

Om 'n katastrofale “botsing van beskawings” in ons multikulturele wêreld te vermy, **moet sowel kulturele identiteit as diversiteit aanvaar word as legitieme doelwitte in sigself, tesame met respek vir die fundamentele regte van mense en vereenselwiging met 'n gemeenskaplike stel waardes.** Verlies van kulturele verskeidenheid verhoog politieke en ekonomiese onbestendigheid.

Ons benodig kultureel diverse, verdraagsame en lewenskragtige gemeenskappe waarin individue die geleentheid moet hê om hulle primêre behoefte aan 'n eie identiteit en 'n bewussyn van behoort-tot aktief te kan nastreef en uitleef. Ons het 'n wêreld van “veelvuldige moderniteite” nodig, sonder ideologieë maar binne gemeenskappe, waarin onderskeie kulture in vrede met mekaar kan saamleef: 'n Wêreld van “leergemeenskappe” waarbinne geen kultuur sy waardes op ander afdwing

nie, en waarbinne “**inheemse moderniteit**” en “**leer van mekaar**” inherente waardes sal wees. Die vervlegte kennisgemeenskap moet die rykdom van inheemse kennis integreer en die eko-gerigte en antroposentriese konsep van ‘n volhoubare wêreldsamelewing evalueer en integreer.

Doelwitte moet gestel word: Om die verskeidenheid tale wat vandag gepraat word, te bewaar; om eie en onafhanklike kulturele kreatiwiteit te verhoog; om kulturele indiensneming te bevorder; om die risiko te verminder dat inligting gemanipuleer en gemonopoliseer word; en om bekostigbare toegang te verseker tot hoë standaard kulturele aktiwiteite vir almal. Die media moet erken word as ‘n gemeenskaplike bate vir die onderwys- en kulturele oogmerke, eerder as om dit aan die sake- en handelswêreld as hulle uitsluitlike domein oor te gee. Bo alles moet ons ‘n kultuur van deelname kweek, eerder as een van verbruik.

Die spesifieke aard van kulturele dienste binne die handelsbeleid-konteks moet beter omskryf word gedurende die huidige Doha-rondte onderhandelinge. Kulturele dienste het, net soos “omgewingsdienste”, ‘n breë sosiale funksie. Ons moet ‘n globale raamwerk ontwikkel wat hierdie feit erken en kulturele verskeidenheid op gelyke voet plaas met ekonomiese groei, maatskaplike billikheid en omgewingsgesondheid.

Die toekomstige wêreldsamelewing moet gegrond wees in plaaslike gemeenskappe wat enersyds tuis is in hulle eie kulturele erfgoed en andersyds deelneem aan die wêreldwye kennisgemeenskap. Agting vir fundamentele regte, uitgedruk in ‘n gemeenskaplike stel universele waardes, moet deur almal erken en uitgeleef word. Die vervlegte kennisgemeenskap moet die rykdom van inheemse kennis en praktyk integreer. “Verinheemsende moderniteit” (indigenising modernity) is ‘n uitdaging aan almal.

5. Doeltreffendheid en bestuursmeganismes: ‘n Antwoord op beperkte Bronne

5.1 Brondoeltreffendheid

Die natuurlike kapitaal van die globale omgewing word meer as ooit tevore bedreig deur voortgesette bevolkingsgroei en die dramatiese toename van nywerheidsaktiwiteite. Ons is nader as ooit aan die perke op groei in ons gebruik van hulpbronne. Ons put op die oomblik sommige minerale bronne en fossielbrandstowwe nie so vinnig uit as wat gevrees is nie, **maar die impak van die gebruik daarvan op die omgewing word kritiek.** Ekonomiese groei is steeds heg verbind met toename in die gebruik van bronne en dra nou meer daartoe by as bevolkingsgroei.

Indien nywerheidsgroei voldoende was om armoede in die ontwikkelende lande uit te wis, sou die verbruik van bronne toegeneem het tot bo vlakke wat

die omgewing kan volhou. Dit sou die kapasiteit van die biosfeer met afval en besoedeling oorweldig. **Produksie en verbruik moet daarom meer doeltreffend word. Ons moet 'n skuif maak na 'n meer rasionele gebruik van hulpbronne deur hernubare bronne en siklusse van produksie en bronne waarin afval hergebruik word, te benut. Ons moet ook veel meer waarde voeg by die bronne wat ons wel gebruik deur “'n skuif van materiële goedere na dienste”.**

In ontwikkelende lande moet die klem verskuif van die myn van natuurlike hulpbronne na die bemagtiging van hulle menslike kapitaal met 'n ander konsep van “groei”.

Die vraag na energie kan in industriële lande aansienlik verlaag word deur 'n meer rasionele gebruik daarvan. In ontwikkelende lande moet rasionele gebruik van energie ook verseker word met eenvoudige en toepaslike tegnologieë. Dit mag meer arbeidsintensief wees en moet plaaslike gemeenskappe in staat stel om hulle eie energieverbruik self te bestuur.

Die voorsiening van energie moet verskuif van “kool” na hernubare en skoon bronne (wat die broeikasgasse sal verminder) en na 'n gedentraliseerde voorsiening waar haalbaar. So 'n skuif is moontlik met geloofwaardige wetenskaplike en wetenskaplike tegnologiese ontwikkelings wat in vooruitsig gestel word. Nietemin is aansienlike beleggings in navorsing steeds nodig. Dit moet deur die ontwikkelde lande verseker word, maar die resultate moet sonder versuim dwarsdeur die wêreld bekend gestel word. Gedentraliseerde produksie van energie deur klein plaaslike eenhede open oral nuwe perspektiewe vir landelike bevolkings.

Inligtings- en kommunikasietegnologie is deurslaggewend vir die produksie, logistiek, verbruik en 'n mosaiek van leefstyle wat omgewingsvriendelik is. Sonder die beskikbaarstelling van hierdie tegnologie aan die meerderheid mense in 'n globale kennissgemeenskap, is volhoubaarheid van die omgewing nie moontlik nie. Nogtans is so 'n kennissgemeenskap ook nie outomaties volhoubaar nie. Slegs raamwerke daarvoor kan dit verseker.

Die druk veroorsaak deur bevolkingsgroei sal toeneem, maar stadiger. Teen 2030 sal daar 8 miljard mense op aarde wees. Ons staan ernstige uitdagings in die gesig wat die beskikbaarheid van kos en vars water betref, en dit kan slegs aangespreek word deur die intelligente gebruik van inligting, bio-tegnologie en geslote siklusse van kosproduksie uit diere, plante, swamme, seewier en bakterieë; asook doeltreffender samevoegings daarvan. Die voorsiening en kwaliteit van water kan slegs verseker word deur beter bestuur.

Teen 2030 sal die meeste mense in stede leef. Om dit volhoubaar te maak en om geluk en beter gesondheid, toegang tot onderwys, dienste en sosiale wisselwerking te verseker, moet ons herbedink hoe geboue en stede gebruik moet word. Bouwerk behoort met energiedoeltreffendheid en 'n minder motorafhanklike gemeenskap ontwerp te word. Stede moet beplan en

ontwerp word om vervoer te verminder: **Die beplanning van landgebruik moet kompakte, gemengde gebruik en toeganklike ontwikkeling aanmoedig. Ons behoort die gangbare paradigma van werk in toegewese kantoorblokke, wat dikwels ver van woongebiede en sosiale funksies aangetref word, te ontmoedig.**

5.2 Bestuursmeganismes

Ten einde hierdie uitdagings aan te pak, moet ons al die bestuursmeganismes aanwend wat nodig is om raamwerke vir ontwikkeling gereed te kry:

Belastingstelsels moet die gebruik van hulpbronne ontmoedig en ondernemingsgees en waardeskepping aanmoedig ten einde die klem op materiële goedere te vervang met nie-materiële dienste. **‘n Grootse skuiw na belasting op materiële bronne, energie, land en vervoerfasiliteite is nodig.**

Op sigself is markkragte alleen nie te vertrou om die “natuurlike kapitaal” van ons planeet te bewaar en om voldoende plaasvervangers vir uitputbare bronne te skep nie. Ons benodig belastingmeganismes om die gemeenskaplike bates van die planeet te beskerm. **Die maksimum volhoubare vlakke van gebruik van kritiese bronne en van besoedeling moet beperk word in die wêreld se ekonomiese stelsels. “eksterne koste” moet geïnternaliseer word.** Die vrystelling van broeikasgasse moet beperk word en “emission trading” is slegs ‘n begin.

Die Kyoto-protokol moet ten volle toegepas en, ten aansien van die voorsorgbeginsel, uitgebrei word na alle antropogeniese substansies wat die klimaat en oseaansirkulasie beïnvloed.

Perverse subsidies moet uitfaseer word. Die gebruik van regeringshulp vir spesifieke doeleindes sal ‘n wettige gereedskap vir goeie regering bly, maar die enorme subsidies en beskermingsmeganismes vir markte van die landbou-, steenkool- en staalsektore is nie net skadelik vir die dinamiek van verandering in die nywerheidslande nie, maar dit veroorsaak ook groot skade aan ontwikkelende lande. Verskuilde subsidies aan padvervoer en die afwesigheid van koherente belasting op vliegtuigbrandstof, is ernstige versperrings vir die ontwikkeling van doeltreffender en meer volhoubare lewenstyle en sakepraktyke.

Doeltreffende gebruik van hulpbronne moet onmiddellik en dramaties verhoog word. Noodsaaklike tegnologiese vernuwings is binne ons bereik. Die ontwikkeling van stelsels vir die rasonale gebruik van energie en vir hernubare energievoorsiening moet ‘n hoër prioriteit word. ‘n Beleid van gedentraliseerde energievoorsiening en –verdeling, as deel van ‘n beleid vir rasonale energieverbruik, is van strategiese belang vir alle lande, met name die afgeleë streke en ontwikkelende lande. Dit kan plaaslike ondernemerskap stimuleer en toegang tot inligtings- en onderwysnetwerke moontlik maak. Belasting van hulpbronne en omgewingsgebruik moet ingrypend gewysig

word. Implementering van die Kyoto-protokol moet nagestreef word en teenproduktiewe en perverse subsidies moet uitgeskakel word met die hoogs moontlike dringendheid.

7. Beheer in 'n Eindige Wêreld

Beheer is van kernbelang vir al die uitdagings wat ons in die gesig staar. Waar ons ook al kyk, vind ons politieke strukture wat onvoldoende presteer. Dit is veral waar van wêreldstreke wat gekenmerk word deur geweld en oorlog, waar kosbare menslike, kulturele, sosiale en natuurlike hulpbronne vernietig word. Daarom is die versterking van globale instellings wat gerig is op die bestuur van konflik van die uiterste belang. Die verskynsel van terrorismegeweld demonstreer opnuut die noodsaaklikheid van gemeenskaplike veiligheid en stabiliteit op ons planeet.

Die nuwe internasionale ooreenkoms wat in Johannesburg bereik moet word, moet nie 'n "trade-off" wees tussen voorspoed, billikheid en omgewing nie. Beheerraamwerke moet herontwerp word op so 'n wyse dat elkeen by groei kan baat. In Johannesburg het ons 'n vennootskap vir volhouare groei nodig, in 'n nuwe raamwerk van solidariteit en kulturele diversiteit, gebaseer op voortgesette tegnologiese ontwikkeling en vernuwing en met billike voordele vir almal. 'n Nuwe "**eties van menslike solidariteit**" moet gestalte kry in globale beheerraamwerke. Dit vereis burgerlike en politieke leierskap en verantwoordelikheid. Regerings in die "Suide" moet die omstandighede skep wat onmisbaar is vir hulle sosio-ekonomiese ontwikkeling. In die "Noorde" moet die sakegemeenskap en die burgerlike samelewing 'n bydrae maak tot hierdie billike ontwikkeling.

Globale instellings moet versterk word om stabiliteit van die wêreld se ekonomiese stelsel te verseker en om globale gemeengoed (soos die atmosfeer, oseane en antarktika) te bestuur. Daarvoor benodig ons 'n sterker en beter ingeligte publieke beleidsnetwerk op globale skaal, asook nuwe raamwerke vir die ko-finansiering van ontwikkeling.

Ons ekonomiese stelsel stel die werkende bevolking in staat om die onderwys van die jeug en die versorging van die oues te finansier. **Volhoubare ontwikkeling vereis daarom stabiliteit.** Die globale vervlegte ekonomie – met nuwe, sterk bande - het egter geweldige potensiaal vir chaotiese onbestendigheid. Nuwe weë moet bedink word om dominante belange te beskerm, om substelsels, bestuurskokke en fluktuasies te ontkoppel en meer te belê in kennis en vaardighede. Ons moet die sisteem se vermoë om op skokke te repondeer, versterk, óf deur demping, óf deur verspreiding daarvan. **Regerings en die Bretton-Woods organisasies moet ekonomiese stabiliteit en volhoubare ontwikkeling as hoogste doelwitte hê en moet tot meer koherente en saamwerkende aksie gebring word.** Hulle moet ook beweeg na 'n wyer gebaseerde meting van ontwikkeling as slegs die Bruto Binnelandse Produk (BBP).

Ons moet ook raamwerke skep wat “groen” entrepreneurskap ondersteun. Gesamentlike Sosiale Verantwoordelikheid (GSV) (In Engels : Corporate Social Responsibility – CSR) moet ‘n alom teenwoordige vereiste word. Teen 2010 moet “tripple bottomline” verslaglewering oor natuurlike, sosiale en menslike kapitaalontwikkeling normale praktyk vir alle openbare maatskappye wees. Ons moet ook die raamwerke vind vir nuwe vennootskappe tussen internasionale korporasies en plaaslike gemeenskappe.

Die Verenigde Nasies behoort ‘n sterker, hoëvlak Raad vir Volhoubare Ontwikkeling te hê, wat die samehang van aktiwiteite binne die VN-familie van organisasies - in vennootskap tussen regerings, die sakesektor en die burgerlike samelewing - sal kan verseker. Daarby moet aksies gerig op onderwys- en kultuurverskeidenheid versterk word, met ko-finansieringsmeganismes wat die graad van geletterdheid van die jeug en volwassenes dramaties sal verhoog, en wat opleiding in vaardighede sal voorsien, sodat wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling teen 2030 in ontwikkelende lande geassimileer sal wees. Onderwys- en opleidingsprogramme moet veel groter finansiële steun in die volgende dekades ontvang.

Ons benodig ‘n nuwe “etiese van menslike solidariteit” in alle globale beheermeganismes. Globale instellings moet die stabiliteit van die wêreld se ekonomiese stelsel en doeltreffende bestuur van al die globale gemeengoed, verseker. Die Bretton-Woods organisasies moet ekonomiese stabiliteit en volhoubare ontwikkeling as hoëvlak doelwitte hê, en in die sakesektor moet die Gesamentlike Sosiale Verantwoordelikheid ‘n oral aanwesige vereiste word. Die Verenigde Nasies behoort ‘n sterker, hoëvlak Raad vir Volhoubare Ontwikkeling te hê, en internasionale optrede op onderwys- en kultuurgebied moet versterk word.
